Beeld, Vrydag 7 Maart 2008

# Phosa sal toi-toi vir Afrikaans

## ■ Waarsku dat taal nie weer verpolitiseer moet word nie

Liezel de Lange

"Ek en baie van my mede-struggle-vennote sal toi-toi as Afrikaans verneder óf benadeel word."

Dít is die versekering wat dr. Mathews Phosa, tesourier-generaal van die ANC, in die Aula van die Universiteit van Pretoria by die opening van dié universiteit se Boekjol (boekefees), gegee het.

Phosa praat agt tale en hy tree dikwels op by Afrikaanse kunstefeeste en het twee Afrikaanse digbundels uitgegee.

Hy het ook eergisteraand gewaarsku dat Afrikaans nié weer verpolitiseer moet word, soos met gedwonge Afrikaanse onderrig in die apartheidstyd gebeur het nie.

Dít sal net wéér van die taal 'n politieke teiken maak.

Volgens hom gedy Afrikaans juis omdat die eienaarskap van politici weggeneem is en dit nou in die hande van onder meer sangers, skrywers en digters lê.

"Vandag is Afrikaans polities vry, een van elf amptelike landstale en in terme van status in 'n beter posisie as ooit tevore."

Die verpolitisering begin egter van voor af as sekere groepe probeer om die taal bedreig te verklaar, het Phosa, 'n beskermheer van die Beeld-Kinderfonds, gesê.

Hy het ook die waarde vir 'n taal beklemtoon as mense van alle agtergronde, gelowe en kulture dit gebruik en praat.

" 'n Dinamiese taal moet bietjie van 'n losbol wees, hy moet nuwe bedmaats soek, hy moet by die buurvrou nuwe truuks gaan leer, en hy moenie skaam wees om te eksperimenteer met nuwe uitdrukkings en woorde nie."

Phosa het ook gevra dat Afrikaanssprekendes moeite moet doen om ook ander Suid-Afrikaanse tale te leer praat en hulle uitgedaag om uit te vind hoe ander Afrika-tale "proe".

Volgens hom is die boere in die Piet Retief-omgewing 'n voorbeeld vir ander Afrikaanssprekendes omdat hulle beter Zoeloe praat as hy.

"As jy jou oë toemaak, sal jy nie eers weet dit is 'n wit man wat praat nie," het Phosa gesê.

Phosa het Suid-Afrikaners aangespoor om nuwe tale te probeer, selfs al is hulle onseker en hul taalgebruik nie te waffers nie. "Laat ons taal gebruik om brûe te bou."